

Ons eerste ervaring as eienaars van Senwane Jag- en Wildplaas

Artikel deur Rein Koelmans – mede-eenaar in Senwane

Man, dis lekker om eenaar van 'n jagplaas te wees! Dis iets wat ek en my familie nog altyd wou hê en dit het nou 'n realiteit geword danksy DJ Farmer se konsep van mede-eienaarskap in 'n jagplaas.

Ek en my vrou was op soek na 'n opsie waar ons sekere tye van die jaar die plaas kan gebruik, want kom ons wees eerlik – 'n mens het nie heeljaar 'n jagplaas nodig nie. Om nie eens te praat van die bedryfskoste om so 'n jagplaas alleen te bedryf nie. Met 'n week binne die jagseisoen wanneer ek saam met my familie of jaggroep kan gaan jag, asook weke buite die jagseisoen wanneer ons net lekker sosiaal op die plaas kan saamkuier, bied Senwane presies wat ons wou hê. Dit is voorwaar 'n wonderlike gevoel om alleentoeegang tot jou eie plaas te hê. Dan het ons ook 'n gratis jagkwota wat elke eenaar in sy jagweek kan gebruik; dit terwyl die bedryfskoste van die plaas in sy geheel met mede-eenaars gedeel word.

Alles is reeds in plek op Senwane. Arnu Jansen is ons plaasbestuurder wat dié taak op 'n dag-tot-dag-basis verrig. Themeda is ons bestuursmaatskappy wat kwartaalliks die plaas besoek om seker te maak dat Senwane se mikpunte bereik word, van veld- en wildbestuur tot die saaiboerdery-aspek. Arnu en Themeda kommunikeer gereeld met mekaar om te verseker dat alles op Senwane seepglad verloop. Ons ouditeure verrig ook die maandelikse finansiële bestuursfunksie en werk nou saam met Arnu en Themeda om Senwane se sukses vanuit 'n finansiële oogpunt te verseker.

Bo en behalwe die gratis jagkwota, genereer Senwane ook inkomste deur sy njala- en toekomstige swartwitpensteelprogram. Daarbenewens het ons twee spilpunte ('n bestaande een en 'n tweede een wat middel Mei 2014 klaar geïnstalleer sal wees) van 16 ha waar ons lusern kweek. Ons gebruik die lusern hoofsaaklik as aanvullende voer vir ons eie wild gedurende die droë wintermaande. Verder gebruik ons die lusern vir die verpakking van ons eie voermengsel wat ons aan omliggende boere verkoop vir addisionele inkomste. Senwane is 'n 1 200 ha-plaas in die Rooibokkraal / Thabazimbi-omgewing, ongeveer 3,5 uur se ry vanaf Johannesburg. Dit lê by die sameloop van die Marico- en Krokodilrivier en ons is baie gelukkig om voldoende ondergrondse water, 12 damme en drinkgate en 10 boorgate te hê.

Daar is ook 'n 1 km lange vliegveld vir gebruik deur besoekers asook nege skuilings vir boogjagters. Verder geniet ons die twee sitrusboorde en groentetuin by die plaasopstal sommer baie. Om sulke vars groente en sitrus tydens jou besoek tot jou beskikking te hê, laat jou mos voel of jy na aan die aarde leef!

Om 'n aandeel in Senwane te besit, maak finansiëel vir my baie sin. Neem byvoorbeeld salarisse, lone, diesel en elektrisiteit. Dit alleen kos maandeliks omtrent R50 000 en dan is daar nog sowat 30 ander uitgawes wat ook gedek moet word. Die plaas se totale uitgawes word onder die eenaars / aandeelhouers verdeel en dit kos my R4 700 per maand. Senwane is 'n plaas van R17,5 m en om 'n aandeel van net meer as R1 m (BTW uitgesluit) te koop, bied ongetwyfeld vir my die regte hoeveelheid gebruiksreg teen die regte prys. Daar is ook diegene wat meer as een aandeel koop afhangende van hul persoonlike behoeftes. Soos wat enige maatskappy sy aandeelhouers beloon, verdien jy boonop 'n jaarlikse dividend uit die lusern, voermengsel, njala- en swartwitpensteelprogram en houtverkope.



Arnu Jansen, die plaasbestuurder, verwelkom ons hele familie by ons aankoms.



My seun se eerste Rooibokkraal-rooibok

Senwane is voorwaar jou eie stukkie land waar die res van die wêreld nie saak maak nie. Dis nou vir almal moontlik om 'n plaas te kan besit en deel te hê in ons eie erfenis en 'n stukkie van Afrika. 